

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: 'n Raaisel Gelykenis: Wat is dit waarteen ons mekaar moet waarsku?

Skriflesing: Lukas 16:1-13 (1953)

¹ EN Hy het ook aan sy dissipels gesê: Daar was 'n ryk man wat 'n bestuurder gehad het; en hy is by hom aangeklaag as een wat sy besittings verkwis.

² En hy het hom geroep en vir hom gesê: Wat is dit wat ek van jou hoor? Gee verslag van jou bestuur van sake; want jy sal nie meer bestuurder kan wees nie.

³ Toe sê die bestuurder by homself: Wat sal ek doen? Want my heer neem die bestuurderskap van my weg. Spit kan ek nie; om te bedel, skaam ek my.

⁴ Ek weet wat ek sal doen, sodat wanneer ek van die bestuurderskap afgesit is, hulle my in hulle huise kan ontvang.

⁵ Toe roep hy die skuldenaars van sy heer, een vir een, en sê vir die eerste: Hoeveel skuld jy aan my heer?

⁶ En hy antwoord: Honderd vat olie. En hy sê vir hom: Neem jou skuldbewys, gaan sit en skryf gou vyftig.

⁷ Daarna sê hy vir 'n ander een: En jy, hoeveel skuld jy? En hy antwoord: Honderd mud koring. Toe sê hy vir hom: Neem jou skuldbewys en skryf tagtig.

⁸ En die heer het die onregverdige bestuurder geprys, omdat hy verstandig gehandel het; want die kinders van hierdie wêreld is verstandiger teenoor hulle geslag as die kinders van die lig.

⁹ En Ek sê vir julle: Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon, sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang.

¹⁰ Hy wat getrou is in die minste, is ook in die grote getrou; en hy wat onregverdig is in die minste, is ook in die grote onregverdig.

¹¹ As julle dan nie getrou was in die onregverdige Mammon nie, wie sal julle die ware goed toevertrou?

¹² En as julle nie getrou was in 'n ander se goed nie, wie sal aan julle jul eie gee?

¹³ Geen huiskneg kan twee here dien nie; want hy sal òf die een haat en die ander een liefhê, òf die een aanhang en die ander een verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie.

Broodjies vir die Pad

Some thoughts on today's scripture

- True wealth consists, not in what we keep but in what we give away.
As soon as a person has more than they need, the extra they have belongs by right to the person who has not enough.
We are God's stewards. All that we have belongs to him - our time, our talents, our money, our property.
- There is an African proverb which says: 'When you pray, move your feet'. It is good to be silent and attentive in prayer. But the love that grows in me through meeting the Lord in quiet prayer must translate into deeds of love. Saint Ignatius says that 'Love is found in deeds rather than in words.'

<https://www.sacredspace.ie/plain/daily-prayer/2013-09-22>



Shrugging off his media minders, Pope Francis has been talking sense again. Telling Roman Catholics to get off their high horse, the pope told the church to be less judgmental, and to shake off its obsession with abortion, homosexuality and contraception. "The church's pastoral ministry cannot be obsessed with the transmission of a disjointed multitude of doctrines," he said in a long, frank interview with a Jesuit journal. He warned that pastors should be spend more time with people, and less time on petty bureaucracy. "We have to find a new balance; otherwise even the moral edifice of the Church is likely to fall like a house of cards. The people of God want pastors, not clergy acting like bureaucrats or government officials."



'Ik ben een zondaar.' 'Ik ben nooit rechts geweest.' 'Ik kreeg op mijn kop omdat ik niet genoeg over abortus sprak.' In een exclusief interview dat donderdag verscheen doet paus Franciscus een aantal opmerkelijke uitspraken. Een selectie.

Doorgaans geven pausen geen grote en ongeregisseeerde interviews, maar Franciscus lijkt zich van die conventie weinig aan te trekken. In een 27 pagina's tellend gesprek (opgetekend door een Italiaanse journalist en door het Vlaamse tijdschrift Streven vertaald naar het Nederlands) vertelt hij openhartig over zijn privéleven en zijn visie op de kerk.

Hij begint met een intrigerend zelfportret. Op de vraag 'Wie is Jorge Mario Bergoglio?' antwoordt hij: 'Ik weet niet wat het meest precieze antwoord is... maar ik ben een zondaar.'

Dat is de juiste definitie. En het is niet zomaar een manier van zeggen, een literair genre. Neen, ik ben een zondaar.'

'Kerk verloor zich in details'

'De Kerk heeft zich soms laten inkapselen in details en kleine voorschriftjes. Het belangrijkste is nochtans de Blijde Boodschap: "Jezus Christus heeft je gered!" Daarom dienen de kerkbedienaars wezenlijk bedienaars van de barmhartigheid te zijn.'

'Vrouwen moeten erbij zijn als er beslissingen worden genomen'

'Men moet meer ruimtes scheppen waarin de vrouw in de Kerk krachtiger aanwezig kan zijn. Ik vrees een beetje de oplossing van het "machismo met het rokje", alhoewel de vrouw een andere structuur heeft dan de man. Ik merk immers dat de toespraken over de rol van de vrouw heel dikwijls geïnspireerd zijn juist door een machistische ideologie. De vrouwen stellen heel diepe en pertinente vragen die men moet aanpakken.'

'De Kerk kan gewoon niet zichzelf zijn zonder de vrouw en haar rol. De vrouw is voor de Kerk absoluut noodzakelijk. Maria, een vrouw, is belangrijker dan de bisschoppen.'

'Men moet dus de plaats van de vrouw in de Kerk grondiger bestuderen. Er moet meer werk worden gemaakt van een pertinente theologie van de vrouw. Alleen wanneer we dit doen, zullen we beter kunnen nadenken over de functie van de vrouw binnen de Kerk. Het vrouwelijk genie is nodig op die niveaus waar belangrijke beslissingen genomen worden.'

<http://www.trouw.nl/tr/nl/13912/Rooms-katholicisme/article/detail/3512681/2013/09/19/Paus-geeft-interview---Zeven-opmerkelijke-uitspraken.dhtml>

Brood vir die Pad

Hoe gelukkig is ons nou eintlik regtig?

Dirkie Smit

Almal ken die toneeltjie – met sy vele variasies. Die kleintjie wat verveeld, moeg, geïrriteerd van die agterste sitplek af wil weet of ons nou al dáár is. Met sy vele variasies, sommige snaaks, sommige stuitig, maar almal gebou op dieselfde motief. Almal met die half teleurgestelde gevoel dat dít tog nie al kan wees waarna ons so lank uitgesien het nie? Waarvoor ons so baie opgeoffer het nie? Waarvan ons so gedroom het nie? Wanneer kom die vervulling dan nou eindelijk, die ekstase, die salige genieting?

Dis die verhaal van die menslike kondisie – dis net, sommige kulture en tradisies werk dit teë, ander wil dit nog verder versterk, aanwakker, uitbuit. Dis waaroor Robert en Edward Skidelsky nadink in hul onlangse *How Much Is Enough? – Money and the Good Life*. Dié pa-en-seun-kombinasie, onderskeidelik ekonoom en morele filosoof, kombineer hul vakkennis – een van money, een van die

good life – om dié vraag te beantwoord. Wanneer is genoeg vir ons genoeg? Anders gestel, wanneer is ons regtig gelukkig?

Almal ken kortstondige geluk, oomblikke van ekstase – as Gio Aplon in die hoek oorgaan, die gereg opgedis word, die graad-toga omgehang word, die twee hande vat voor die kansel. Almal ken selfs die meer blywende, dralende gevoel van welbehaaglikheid – die aangenaamheid van goeie geselskap, bevrediging van werk goed gedoen, inspanning van 'n oefensessie, rondwoel in die grond, die rustigheid van 'n somerse skemeraand, kortom, die stemming van genoegdoening wat oor ons kan kom, sóms.

Maar as die Verenigde Nasies sy internasionale geluksindeks bekend stel, soos dié week, vra hy na iets anders, nié na oomblikke van ekstase, 'n gevoel van welbehae, 'n vae tevredenheid nie. Hy vra – soos filosofe deur alle eeue en deesdae ook ekonome – na die goeie lewe. Is ons gelukkig? Beleef ons ons lewe as goeie lewe – en wat bedoel ons daarmee? Wat verwag ons daarvan? Wanneer sál die lewe vir ons goed wees? Sal ons dit herken as ons dit sien? Of in die idioom van óns dag, wanneer is genoeg genoeg?

Nou kan 'n mens die vraag na die goeie lewe ook ánders formuleer. Trouens, daar was kulture en tradisies wat sou dink as ons by die genoeg-vraag begin ons nooit die antwoord van die goeie-lewe-vraag gaan vind nie! Die Skidelskys gebruik juis 'n motto van Epikurus: "Niks is ooit genoeg vir dié mens vir wie genoeg te min is nie." Die ewige hunkering na méér, die ewige teleurstelling met álle vervulling omdat elke vervulling weer vra na nóg en méér en gróter en ánders en núút, dié hunkering word nooit gestil nie. Dié verlange lei wég van die goeie lewe, nie daarheen nie. Wie op dié pad bly, sal nóóit aankom nie, net altyd bly wonder hoekom ons dan nog nie dáár is nie. Wie nie vreugde het aan die reis, sal ook nie die bestemming as genoeg waardeer nie. Immers, godsaligheid saam met vergenoegdheid is 'n groot wins, só praat die apostel al filosofie en ekonomie, ineen (1 Tim. 6:6).

<http://www.dieburger.com/opinie/2013-09-14-geestelike-waardes-hoe-gelukkig-is-ons-nou-eintlik-regtig>

Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die kerse

Seën